


Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring



*Senior fase
Graad 7-9*



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
GRAAD 7-9**

SKEPPENDE KUNSTE

Departement van Basiese Onderwys

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

ISBN: 978-1-4315-1554-7

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
 - Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
 - Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die samelewing van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geamalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

INHOUD

AFDELING 1: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING.....	3
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....	4
1.4 Tydstoekening	6
1.4.1 Grondslagfase.....	6
1.4.2 Intermediêre Fase	6
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10–12	7
AFDELING 2: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBELEID VIR SKEPPENDE KUNSTE	8
2.1 Wat is skeppende kunste?	8
2.2 Spesifieke doelstellings.....	8
2.3 Tydstoekening vir skeppende kunste in die kurrikulum	9
2.4 Oorsig van onderwerpe	13
2.4.1 Dans.....	13
2.4.2 Drama	15
2.4.3 Musiek.....	17
2.4.4 Visuele Kunste	21
AFDELING 3: KWARTAALPLANNE.....	24
3.1 Wat word in dans onderrig?.....	24
3.1.1 Dans in Graad 7	24
3.1.2 Dans in Graad 8.....	28
3.1.3 Dans in Graad 9.....	32
3.2 Wat word in drama geleer?	36
3.2.1 Drama in Graad 7.....	36
3.2.2 Drama in Graad 8.....	40
3.2.3 Drama in Graad 9.....	44
3.3 Wat word in musiek geleer?.....	49
3.3.1 Musiek in Graad 7	49
3.3.2 Musiek in Graad 8.....	53
3.3.3 Musiek in Graad 9.....	57

3.4	Wat word in visuele kunste geleer?	61
3.4.1	Visuele Kunste in Graad 7	61
3.4.2	Visuele kunste in Graad 8	66
3.4.3	Visuele Kunste in Graad 9	71
AFDELING 4: ASSESSERING		75
4.1	Inleiding	75
4.2	Informele daaglikse assessering	75
4.3	Formele assessering	75
4.4	Assesseringsprogramme	77
4.4.1	Dans (een van twee kunsvorms).....	78
4.4.2	Drama (een van twee kunsvorms)	79
4.4.3	Musiek (een van twee kunsvorms).....	81
4.4.4	Visuele Kunste (een van twee kunsvorms)	82
4.5	Opname en verslag	83
4.6	Moderering van assessering	84
4.7	Bylae	85
4.8	Algemeen	87

AFDELING 1

INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
 - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
 - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
 - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b (i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
 - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
 - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 27819* van 20 Julie 2005;

- (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefes*, gepromulgeer in *Staatskoerant*, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
 - (v) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing*, No. 1267, in *Staatskoerant* No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelingsoor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomst en standaard wat behoudens *artikel 6 (A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomst en standaard, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
 - om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
 - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
 - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
 - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
 - *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
 - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en nie-kritiese leer van gegewe waarhede;
 - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaard in alle vakke;

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse;
 - *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
 - *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
 - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
 - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en samelewing;
 - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
 - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
 - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
 - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
 - begryp die wêreld as 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolsamelewing, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

1.4 Tydstoekening

1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
TOTAAL	23	23	25

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
TOTAAL	27,5

1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
TOTAAL	27,5

1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8) van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
TOTAAL	27,5

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

AFDELING 2: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBELEID VIR SKEPPENDE KUNSTE

2.1 WAT IS SKEPPENDE KUNSTE?

Die vak Skeppende Kunste bied blootstelling aan, en die studie van, 'n reeks kunsvorms insluitende dans, drama, musiek en visuele kunste (insluitende ontwerp en kunsvlyt) vanaf Graad R tot Graad 9. Die hoofdoel van die vak Skeppende Kunste is om leerders as kreatiewe, verbeeldingryke individue te ontwikkel wat die kunste waardeer en wat 'n basiese kennis en vaardigheid sal hê om aan kunsaktiwiteite deel te neem en om hulle vir moontlike verdere studie in die kunsvorms van hulle keuse in Verdere Opvoeding en Opleiding (VOO) voor te berei.

2.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Die voorneme van die vak Skeppende Kunste is om:

- kreatiewe, uitdrukkingvolle en innoverende individue en spanne te ontwikkel;
- leerders met blootstelling en ondervindinge in dans, drama, musiek en visuele kunste te voorsien;
- toegang tot basiese kunsopvoeding vir alle leerders te bied;
- kunstalent, aanleg en entoesiasme te identifiseer en te koester;
- leerders met die nodige basiese vaardighede toe te rus om sodoende verdere studies in die kunsvorm van hulle keuse na te streef;
- 'n bewustheid van die kunste van diverse kulture te ontwikkel;
- leerders aan 'n reeks loopbane in die kunste bloot te stel;
- kunsgeletterdheid en waardering te ontwikkel;
- toekomstige gehore en kunsverbruikers te ontwikkel; en
- lewensvaardighede deur middel van die kunste te ontwikkel.

Dans

Die studie van dans in die Senior Fase as deel van Skeppende Kunste fokus daarop om geleenthede vir leerders te voorsien om sodoende die plesier van dans te ervaar, hoe om hulle liggame veilig te gebruik, om fiksheid vir dans te ontwikkel en om voldoende basiese vaardighede te ontwikkel sodat hulle Dansstudies as 'n vak in VOO kan kies. Deur middel van improvisasie en komposisie begin leerders dans verken en hulle eie bewegingsekwense te skep en om dans as skeppende kuns te waardeer. Omdat dansopvoeding beide sirkulêr en liniêr is, word dieselfde onderwerpe, met toenemende kompleksiteit in elke daaropvolgende jaar, herhaal. Dit neem 'n lang tyd om vaardighede soos koördinasie, krag, soepelheid, stamina, volharding en beheer te ontwikkel en verg gereelde oefening.

Drama

Die studie van drama in Skeppende Kunste bied die leerders hulpmiddele om menslike ondervindinge in dramatiese vorms deur middel van die proses van deelname, samewerking, verkenning en aanbieding voor te stel. Drama

moedig die kreatiewe verkenning van temas en kwessies aan, skep 'n veilige konteks vir hierdie ontdekkingstog, en voorsien geleentheid om oor die insigte wat hulle gedurende hierdie proses opgedoen het, te besin. Leerders waardeur en interpreteer 'n wye reeks van dramatiese werke, wat reeds gepubliseer is en in die klaskamer geskep is. Die fokus op fisiese en spraakopwarmingsaktiwiteite is noodsaaklik omdat hierdie aktiwiteite nie net beserings voorkom nie, maar ook 'n fisiese bewustheid, koördinasie en krag oor tyd ontwikkel. Aangesien die liggaam en stem die hoofmiddele van kommunikasie en uitdrukking in drama is, moet dit veilig en effektief gebruik word. 'n Belangrike aspek van drama is die ontwikkeling van klaskameropvoerings (d.m.v. improvisasie/toneelskeppingsprosesse) wat op 'n spesifieke stimulus gebaseer is. In drama verken die leerder die motivering en die verhouding tussen mense in 'n werklike, denkbeeldige of geskiedkundige konteks om hom of haar te help om die wêreld te verstaan. Die leerder word aangemoedig om besluite te neem en om die verantwoordelikheid vir hierdie besluite binne die veilige konteks van drama te neem.

Musiek

Die studie van musiek in Skeppende Kunste se doelstelling is om die vermoë om 'n verskeidenheid van vokale en instrumentale musiek in groep- en solokontekste te ontwikkel. Daarbenewens word leerders blootgestel aan die geskrewe en ouditiewe taal van musiek deur musiek te lees en te skryf. Verder is die doel van die vak om die vermoë om nuwe musiek d.m.v. improvisering en komponering te ontwikkel deur beide konvensionele en onkonvensionele komposisionele tegnieke te gebruik. Die inhoud laat die leerders toe om ingeligte luisteraars van musiek te word deur aktief na 'n verskeidenheid van musiek, Westerse, inheemse en populêre musiek, te luister. Indien leerders Musiek wil studeer in die VOO-band, moet spesiale moeite gedoen word om vir hulle te help om die vermoë te ontwikkel om instrumenteel of vokaal op 'n elementêre vlak uitvoerings te kan doen en ook om 'n goeie sin vir ritme en toonhoogte te hê. Hulle behoort ook aan die einde van Graad 9 balknotasie te kan lees.

Visuele Kunste

Voortdurende blootstelling aan die inhoud, konsepte en vaardighede van visuele kunste d.m.v. 'n reeks van verskillende aktiwiteite wat wissel in diepte en breedte, sal die leerders help om 'n ryk visuele taal en verwante vaardighede te ontwikkel. Kritiese en nadenkende dinkvaardighede word ontwikkel en leerders kry bevrediging daaruit om hulleself op simboliese en visuele maniere uit te druk. Vordering in die Visuele Kunste is beide siklies en liniêr. Onderrig moet ouderdomtoepaslik en sensitief ten opsigte van die ontwikkeling van ware kreatiwiteit wees. Vir daardie leerders wat Ontwerp of Visuele Kunste as vakke in die VOO-band wil studeer, is Visuele Kunste in die Senior Fase noodsaaklik om hulle met die nodige grondslagvaardighede toe te rus.

2.3 TYDSTOEKENNING VIR SKEPPENDE KUNSTE IN DIE KURRIKULUM

Senior Fase

In Grade 7, 8 en 9, word twee ure per week aan Skeppende Kunste toegestaan. Om voorsiening te maak vir diepte van studie en om hulle voor te berei vir die kunsvakkeuses van Graad 10 tot 12, bestudeer leerders slegs TWEE kunsvorms.

Keuse van kunsvorms in die Senior Fase

Die keuse van kunsvorms in die Senior Fase sal deur elke skool op die volgende kriteria bepaal word:

- Besikbaarheid van die minimum fasiliteite en hulpbronne vir die vak benodig
- Besikbaarheid van spesialiskunsonderwysers op die personeel of toeganklik tot die skool (bv.

vryskutonderwysers, ouers, samelewingskunstenaars)

- Leerdervermoëns/talente en -voorkeure

Om te kies watter kunsvorms om aan te bied, moet skole van die eise van die kunsvorm om leerders te selekteer, bewus wees.

Leerbane

Skole kan 'n aantal verskillende Skeppende Kunste-leerbane aanbied, afhangende van die bogenoemde kriteria, bv.:

1. Dans en Drama
2. Dans en Musiek
3. Dans en Visuele Kunste
4. Drama en Musiek
5. Drama en Visuele Kunste
6. Musiek en Visuele Kunste

Personeel

- Leerders kan in albei kunsvorms deur dieselfde onderwyser, wat in staat is om albei kunsvorms te gee, onderrig word (2 uur per week), of elkeen van die twee kunsvorms kan deur 'n spesialis in elke kunsvorm onderrig word (1 uur per week elk). Die kunsvorms behoort deur die jaar en nie in halwe-jaar modules onderrig te word.
- Skole wat sommige, of al die kunsvakke in VOO aanbied, sal toegang hê tot spesialisonderwysers, fasiliteite en hulpbronne in daardie vakke.
- Skole wat geen kunsspesialiste het nie en wat nie enige kunsvakke in VOO aanbied nie, kan besluit, in oorleg met die skoolbestuurspan, personeel en beheerliggaam, watter kunsvorms hulle wil aanbied. Onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van Skeppende Kunste in hierdie skole sal intensiewe en deurlopende opleiding in een of twee kunsvorms moet ondergaan.

Leerderleerbaankeuses

Leerders moet na aanleiding van hulle vaardighede en voorkeure in die kunsvorms geselekteer word. Die leerders moet verkieslik so vroeg as moontlik begin spesialiseer, maar leerders *met potensiaal* wat nie toegang tot 'n kunsvorm in Graad 7 gehad het nie en wat dit in Graad 8 of 9 wil kies, moet nie oorgesien word nie.

Beskikbaarheid van die minimum fasiliteite en hulpbronne benodig vir die vakke

Om te kies watter kunsvorms skole wil aanbied in die Senior Fase, is die volgende minimum hulpbronne nodig:

KUNSVORM	MINIMUM FASILITEITE	HULPBRONNE
Dans	Dansateljee of saal of dubbelklaskamer (oop ruimte verkieslik met 'n geveerde houtvloer)	Musiekstelsel met CD-speler/iPod
Drama	Groot klaskamer of saal	Musiekstelsel
Musiek	Normale klaskamer en ruimte vir oefen	Musiekstelsel, musiekinstrumente
Visuele Kunste	Kunskamer of gepaste ruimte	Kunstoerusting, verbruikersmiddels

Tydstoekening vir die Senior Fase Skeppende Kunste leerbane

Om kontinuïteit en vaardigheidsontwikkeling te verseker, moet die twee gekose kunsvorms deur die jaar, eerder as in half-jaarblokke, in Grade 7, 8 en 9 onderrig word. Byvoorbeeld, in Dans is dit noodsaaklik om elke week konsekwent te dans om sodoende krag, soepelheid, stamina en beheer te ontwikkel en op te bou. Leerders behoort 'n minimum van tien lesure per kunsvorm per kwartaal gedurende skooltyd te hê en ten minste een keer per week per kunsvorm na skool. Die kontinuïteit van gereelde oefening, ten minste twee keer per week, is nodig om vaardighede te bewerkstellig. Dit is spesifiek van toepassing vir leerders wat gretig is om kunsvakke in VOO te bestudeer.

Vanweë die praktiese aard van die kunste, het hierdie vakke een-uur periodes van onderrig nodig om effektief te wees. Voldoende tyd vir dans-en dramaleerders moet toegestaan word om in die toepaslike kleredrag te verkleed, op te warm, om tyd te hê om die praktiese werk te ontwikkel, af te koel en terug in hulle skooluniforms te verkleed. Vir Visuele Kunste en Musiek is tyd nodig om op te stel, vir praktiese werk en skoonmaak. Die tyd moet in 'n blok van dubbel- of driedubbele periodes toegeken word.

Dit is soms 'n goeie idee om Skeppende Kunste-lesse voor 'n pouse of aan die einde van die dag te plaas, sodat die leerders vir langer kan aanhou.

Tydskedulering sal afhang van verskillende faktore, soos byvoorbeeld die hoeveelheid klasse in 'n graad, die hoeveelheid Skeppende Kunste-onderwysers en die hoeveelheid leerders per leerbaan.

Daar word voorgestel dat hoërskole wat die kunsvakke in VOO aanbied, leerders vir leerbane in Grade 8 en 9 na aanleiding van vermoë en belangstelling kies, om te verseker dat hulle die nodige basiese vaardighede het om vir kunsvakke in Graad 10 te kwalifiseer.

Hieronder is 'n paar voorstelle vir tydskedulering in 'n hoërskool:

A) Kunsleerbaanklasse vir VOO

In hierdie scenario word Graad 8 en 9 klasse, na gelang van hulle kunsvakkeuses toegedeel:

- Graad 8A & Graad 9A is Dans- en Dramaleerders
- Graad 8B & Graad 9B is Dans- en Musiekleerders
- Graad 8C & Graad 9C is Musiek- en Visuele Kunste-leerders
- Graad 8D & Graad 9D is Dans- en Visuele Kunste-leerders
- Graad 8E & Graad 9E is Musiek- en Dramaleerders
- Graad 8F & Graad 9F is Drama- en Visuele Kunste-leerders

In hierdie geval kan die klasse gedurende die loop van die skooldag geskeduleer word.

B) Skeppende Kunste roosterblok

In hierdie scenario is Graad 8 en Graad 9 klasse nie na aanleiding van hulle kunskeuses geskeduleer nie. Twee of drie agtereenvolgende periodes per week is vir Grade 8 en 9 toegestaan, en al die leerders in die grade word in die leerbaan wat hulle op daardie tyd volg, opgedeel.

Grondrede vir die organisering van die inhoud

Omdat kunsonderrig sirkulêr en liniêr is, word dieselfde onderwerpe gedurende die jaar, en in elke daaropvolgende jaar, met toenemende ingewikkeldheid, herhaal. Dit neem 'n lang tyd om vaardighede op te bou en dit verg gereelde oefening.

Die aard van vordering in vaardighede word in die volgende gekry:

- bekendstelling van nuwe konsepte en vaardighede
- bekendstelling van toenemende woordeskat in die kunsvorm
- toenemende vermoë om goed te luister, op instruksies te reageer en saam met ander te werk
- toenemende vaardighede in die kunsvorms
- toenemende self-vertroue, self-dissipline, fokus en kreatiwiteit

2.4 OORSIG VAN ONDERWERPE

2.4.1 Dans

'n Danskurrikulum kan nie die behoeftes van elke dansvorm aanspreek nie. In lyn met internasionale pariteit is hierdie kurrikulum met die drie populêrste dansvorms in Suid-Afrika in gedagte geskryf: Afrika-dans, klassieke ballet en kontemporêre dans. Indien ander dansvorms oorweeg word, moet die Departement van Basiese Opvoeding (DBO) met besonderhede van presies hoe die dansvorm aangepas sal word, voorsien word om die vereistes van die kurrikulum na te kom.

ONDERWERPE	GRAAD 7 DANS	GRAAD 8 DANS	GRAAD 9 DANS
Onderwerp 1 Dansuitvoering	<ul style="list-style-type: none"> Danskonvensies: groet, gebruik van ruimte, beheer Opwarming: geleidelike opbou van 'n opwarmingsritueel en inleiding tot beginsels van postuur en liggaamsbelyning Vloerwerk: soepelheid; gewrigsmobiliteit Isolasie van liggaamsdele Armbewegings vir koördinasie en mobiliteit Beenspiere en gewrigsmobiliteit, versterking en beheer; knie-buigings en balanseer op bal van die voet ('rise'), eenvoudige vee-bewegings ('brushes'), skuifelbewegings en voetwerk Draaie: inleiding tot draai met oogfokus ('spotting') Gewigsverplasing van kant tot kant, vorentoe en agtertoe Vorbereiding van springbewegings met veilige landings, isolasie van voete, lokomotoriese bewegings en passies met ritmiese variasies 	<ul style="list-style-type: none"> Danskonvensies: veilige omgewing, gedragskode Opwarming: geleidelike opbou van 'n opwarmingsritueel met fokus op postuur en liggaamsbelyning Vloerwerk: kernstabiliteit, asemhaling, versterking van ledemate, hand- en armkoördinasie Isolasie van liggaamsdele: kombineer verskillende liggaamsdele Armbewegings en handgebare vir koördinasie en beheer Beenspiere en gewrigsmobiliteit, versterking en beheer; knie-buigings, balanseer op bal van die voet ('rise') in parallel en uitgedraaide posisies; lae vee-bewegings ('brushes'), uitvalstand ('lunges'), sirkelvormige beenbewegings en skoppe/strekkings Draai op die plek en op een been met oogfokus ('spotting') Gewigsverplasing en rigtingveranderings Artikulasie van die voet en spronge/voetwerksekwense met veilige landings, beweeg van een plek na 'n ander en sweefbewegings oor die vloer met verandering van rigting, deur gebruik te maak van 'n reeks musiekgenres en ritmes 	<ul style="list-style-type: none"> Danskonvensies: gebruik van ruimte, respek vir ander, klasdisipline Opwarming: geleidelike opbou van 'n opwarmingsritueel met fokus op veilige danspraktyk, liggaamsbelyning en kinestetiese bewustheid Vloerwerk: kernstabiliteit en sywaartse buigings, heupmobiliteit en versterkingsoefeninge van die bene en voete Isolasie van liggaamsdele met toenemende kompleksiteit en patrone Armbewegings om vloei van bewegings te ontwikkel Beenspiere en gewrigsmobiliteit, versterking en beheer: knie-buigings en balanseer op bal van die voet ('rise') met arm koördinasie; lae en hoë vee-bewegings ('brushes'), balansering op een been, sirkelvormige beenbewegings en skoppe/strekkings in alle rigtings Draaie: beweeg van een plek na die ander met oogfokus ('spotting') Gewigsverplasing op 'n stadige tempo met beheer en balans Opbou van stamina deur spronge, tree-hop, galoppe en pylbewegings (met arm koördinasie en verandering van rigting op 'n verskeidenheid van musiekgenres en ritmes met verskillende dinamika (spoed, energie)

ONDERWERPE	GRAAD 7 DANS	GRAAD 8 DANS	GRAAD 9 DANS
Onderwerp 1 Dansuitvoering	<ul style="list-style-type: none"> • Passies van 'n Suid-Afrikaanse dans • Afkoeling en strekking 	<ul style="list-style-type: none"> • Passies en sekwense van 'n sosiale of populêre dans • Aanbiedingsvaardighede: oogfokus, toewyding tot bewegings, geheue van danspassies • Afkoeling: vloeiende liriese bewegings op stadige, rustige musiek met strekke 	<ul style="list-style-type: none"> • Danspassies en style van 'n inheemse Suid-Afrikaanse kultuur • Kort vinnige danssekwense met aandag op detail, toegewytheid tot die bewegings, fokus, musikaliteit en ruimtelikebewustheid tussen dansers • Afkoeling: vloeiende liriese bewegings en gebruik van beelde vir ontspanning gevolg deur stadige strekke
Onderwerp 2 Dansimprovisasie en -komposisie	<ul style="list-style-type: none"> • Danselemente <ul style="list-style-type: none"> - Ruimte - vlakke, rigting, vloerbane, vorm en grootte - Tyd - tempo ritme, aksent - Krag - vloei van energie • Verhoudings - werk in pare/groepe • Bewegingswoordeskat na aanleiding van verskillende stimuli • Oogkontak en oogfokus • Samestelling van 'n kort dans-sekwens gebaseer op 'n Suid-Afrikaanse prent, foto of tema 	<ul style="list-style-type: none"> • Danselemente <ul style="list-style-type: none"> - Ruimte - simmetrie asimmetrie en patrone - Tyd - stadige aksie, dubbeltid, sinkopasie en poliritmes - Krag - gewig, energie, swaartekrag, teengewig • Lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings, veranderende rigtings, vlakke en tempo • Verhoudings: lei en volg; as eenheid bewegings, aktief en passief • Gebare: letterlik tot abstrak • Samestelling/komposisie om 'n idee, stemming of gedagte te ondersoek 	<ul style="list-style-type: none"> • Danselemente - kontrasterende dinamika • Natuurlike handgebare met oordreuenheid, stadige aksie en herhaling • Komposisionele strukture: begin en einde, herhaling, stilte, oorgange, eenheid en kanon • Verhoudings: ontmoeting-en-skeiding, roep-en-antwoord, blind en lei, positiewe en negatiewe vorms, gee en ontvang van gewig • Samestelling/komposisie gebaseer op verskillende stimuli
Onderwerp 3 Dansteorie	<ul style="list-style-type: none"> • Bekendstelling van dansterminologie in praktiese klasse • Belangrikheid van postuur en liggaamsbelyning • Belangrikheid van opwarming en afkoeling • Belangrikheid van oogfokus ('spotting') • Dansgeletterdheid - eie en ander; hoe bewegings betekenis oordra • Danselemente: ruimte, tyd, energie/krag, verhoudings • Verskillende dansvorms (ten minste 3) 	<ul style="list-style-type: none"> • Bekendstelling van dansterminologie in praktiese klasse • Gedragskode • Die doel van opwarming en afkoeling • Sosiale/populêre dans • Dans- en verwante loopbane • Dansgeletterdheid - beskrywing van 'n dans gesien in die samelewing, op televisie of op die verhoog 	<ul style="list-style-type: none"> • Bekendstelling van dansterminologie in praktiese klasse • Beginsels van postuur en liggaamsbelyning • Gebruik van die kern, gebruik van die ruggraat, veilige landings • Selfbesinning oor eie dansondervindings • Dansgeletterdheid – eenvoudige analise van eie danse en danse gesien op die verhoog, in samelewingpe, op televisie, of op DVD • Vergelyking tussen dansvorms in Suid-Afrika

2.4.2 Drama

ONDERWERPE	GRAAD 7 DRAMA	GRAAD 8 DRAMA	GRAAD 9 DRAMA
Onderwerp 1 Ontwikkeling van dramavaardighede	<p>Stemontwikkeling</p> <p>Verken ontspanningsoefeninge</p> <ul style="list-style-type: none"> • Asemhalingsoefeninge: bewustheid van asem • Resonansie-oefeninge Artikulasie-oefeninge en tongknoopoefeninge • Oefeninge vir hoorbaarheid in 'n klaskamerdrama • Vokale uitdrukking in spontane gesprekke en aanbieding <p>Fisiese ontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verlig spanning opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam • Beheerde, gefokusde bewegings deur spieëlwerk • Opwarming deur van beelde gebruik te maak om bewegingsdinamiek te verken • Lei- en volgbewegings in pare, klein groepe en as 'n klas 	<p>Stemontwikkeling</p> <p>Verken ontspanningsoefeninge</p> <ul style="list-style-type: none"> • Asemhalingsoefeninge: asembeheer en kapasiteit • Korrekte postuur en liggaamsbelyning (neutrale posissie) • Stemtoon- en resonansie-oefeninge • Artikulasie- oefeninge • Interpretasievaardighede deur gebruik te maak van pouses, toonhoogtes, spoed, klem, intonasie en stemtoon • Oefeninge vir hoorbaarheid in 'n klaskamerdrama <p>Fisiese ontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verlig spanning opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam • Konsentrasie en fokus in beweging • Vertrouens-oefeninge • Skep van 'n karakter deur stemming en beweging 	<p>Stemontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verken ontspanningsoefeninge • Asemhalingsoefeninge: asembeheer en kapasiteit • Korrekte postuur en liggaamsbelyning (neutrale posissie) • Stemtoon- en resonansie-oefeninge • Artikulasie- oefeninge • Projeksie-oefeninge • Modulasie-oefeninge • Interpretasievaardighede deur gebruik te maak van pouses, toonhoogtes, spoed, klem, projeksie, intonasie en stemtoon <p>Fisiese ontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verlig spanning opwarming maak die liggaam ontspanne en verskaf energie aan die liggaam • Ontwikkeling van fokus d.m.v. oefeninge • Ruggraatopwarming • Isolasië van liggaamsdele om 'n storie te vertel; uitdrukking van stemming of karakter • Begrip van die doel van opwarming en afkoeling • Skepping van 'n omgewing deur die liggaam • Fisiese karakterisering

ONDERWERPE	GRAAD 7 DRAMA	GRAAD 8 DRAMA	GRAAD 9 DRAMA
<p>Onderwerp 2 Drama-elemente in toneelskepping</p>	<p>Kort geïmproviseerde dramas om die struktuur van drama te verken: begin, middel en einde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vorm en ontwikkeling van die toneel • Verkenning van relevante temas • Groepering en fisiese verhoudings in ruimte • Inagneming van die gehoor in verkenning van verskillende ruimtelike ooreenkomste • Karakterisering: waarneming, nabootsing en skepping van detail • Drama-elemente in kulturele en sosiale byeenkomste vergelyk met hulle gebruik in teater • Besinning oor drama: gee en ontvang konstruktiewe terugvoering 	<p>Geskrewe skets of afgeronde improvisasies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Temas wat verband hou met 'n sosiale- of omgewingskwessie vir die drama • Isolering en ontwikkeling van 'n onderwerp vanuit die navorsing • Strukturering van die uitvoering • Vorming en fokus van die uitvoering • Gespesialiseerde style, bv. melodrama, komedie, tragedie, klug, musiekblyspel en poppekas • Tegniese hulpmiddels om die uitvoering te verbeter 	<p>Klaskamerdrama wat kulturele praktyke weerspieël:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Integrasie van kulturele praktyke in die klaskamerdrama, bv. rituele, seremonies en simbole • Doel van uitvoering • Basiese verhoogkonvensies • Verkenning van uitvoeringsruimte: gepaste groepering en bewegingspatrone • Tegniese elemente: ontwerp, ontwikkel en maak
<p>Onderwerp 3 Interpretasie en opvoering van 'n keuse van dramatiese vorms</p>	<p>Interpretasie en uitvoeringstegnieke in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volksverhale <p>Of</p> <ul style="list-style-type: none"> • Koorspraak/Spreekkoor • Besinning oor eie en ander se uitvoerings met konstruktiewe terugvoering 	<p>Interpretasie en uitvoeringstegnieke in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Inheemse gedigte/of gedigte geskryf deur Suid-Afrikaanse digters, individueel of in groepe opgevoer • Dialoë of gedramatiseerde prosa of inheemse storievertelling 	<p>Interpretasie en uitvoeringstegnieke in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • poësie of gedramatiseerde prosa of monoloog • toneelwerk (teater/televisie) of radio dramas
<p>Onderwerp 4 Waardering en besinning</p>	<p>Waardering en besinning oor ten minste EEN professionele uitvoering, verkieslik lewendig, gedurende die loop van die jaar</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Waardering en besinning oor portuurinterpretasie gebaseer op uitvoering van 'n <i>afgeronde improvisasie</i>, gebruik van dramaterminologie • Waardering en besinning oor die poësie-uitvoering, dialoë of gedramatiseerde prosa of inheemse storievertelling, gebruik van dramaterminologie • Waardering en besinning oor ten minste EEN professionele uitvoering, verkieslik lewendig, deur die loop van die jaar 	<ul style="list-style-type: none"> • Waardering en besinning oor portuurinterpretasie gebaseer op die <i>afgeronde improvisasie</i> deur gebruik te maak van dramaterminologie • Waardering en besinning oor die poësie of gedramatiseerde prosa of monoloog, radiodrama of toneel, gebruik van dramaterminologie • Waardering en besinning oor ten minste EEN professionele uitvoering, verkieslik lewendig, deur die loop van die jaar
<p>Onderwerp 5 Media en loopbane</p>	<p>Verkenning:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Uitvoerende kunstenaars • Die kreatiewe span • Die ondersteunende span • Verwante studieverde 	<ul style="list-style-type: none"> • Toeganklike en relevante media • Mediavorms soos film, televisie, radio, dokumentêre programme en die internet • Drama-elemente in die geselekteerde mediavorm 	<ul style="list-style-type: none"> • Positiewe en negatiewe effek van media • Stereotipering (insluitende 'typecasting', etiketering, 'stock'-karakters) in stories, teater, film, televisie en radio • Stereotipering na aanleiding van ouderdom, geslag, klas/status en kultuur, ens.

2.4.3 Musiek

ONDERWERPE	GRAAD 7 MUSIEK	GRAAD 8 MUSIEK	GRAAD 9 MUSIEK
